

REDAKSIONEEL

Standhoudend

Deur die eeue en oor alle kontinente is daar al verskeie pogings aangewend om die karakter van die ware kerk en die ware geloof te beskryf. Binne die afbakening van die leserskorps van ons blad, asook binne die afbakening van ons blad se naam, sou 'n mens graag die woord 'gereformeerd' wil gebruik; gereformeerd volgens die definisie wat die Sinode van Dordrecht 1618-19 daaraan verleen het en soos wat dit in die bevestigings- en ondertekeningsformuliere asook in die openlike verklaring by meerdere vergaderings uitgedruk word.

Daar is ook ander populêre betitelings wat aan die ware geloof toegeskryf word - sekerlik opreg bedoel, maar jammerlik eensydig. 'n Voorbeeld is die benaming konserwatief teenoor liberaal of progressief. 'n Ander poging is die term behoudend wat teenoor loslatend afgespeel word. Nog 'n uitdrukking is fundamentalisties wat teenoor vrysinnig te staan kom. Alhoewel al hierdie karakteriserings iets van die waarheid bevat, is die nadeel dat dit grootliks met die dampkring van die wêreldse politiek geïdentifiseer word en daarom ook met die negatiewe konnotasies daarvan besmet is. Nodeloos om hiervan te sê dat dit nie eintlik 'n wesentlike bydrae tot die kerklike gesprek lewer nie.

Nie lank gelede nie het, op 'n spontane wyse in 'n gesprek met 'n medebroeder, 'n ander treffende karakterisering vir die ware geloof en die ware kerk uit die mond geglip: standhoudend. Dit laat 'n mens

onwillekeurig aan die onstuimige worstellied van Psalm 46 dink. Terwyl die vyande aanstorm dat die aarde waggel en die berge bewe en hulleself in die see stort dat sy waters bruis en skuim, is daar kalmte in die hart van Jerusalem. 'Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste. God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek' (Psalm 46:5, 6). Die bron van die ware geloof en van die lewe van die kerk is standhoudend. Soortgelyk is die karakterisering van die Bybelse regverdige in Psalm 1:3: 'En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.'

Die geloof put deur die eeue uit 'n standhoudende Bron. Dit is God wat Homself as die Drie-enige openbaar het en wat ons salig maak deur die geregtigheid wat Christus vir ons bewerk het. Die Hebreërbrief getuig van Christus: 'Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid.' Hierdie vaste betroubare waarheid laat hom direk hierna vir die gelowiges sê: 'Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie' (Hebreërs 13:8, 9).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die standhoudende Bron van die kerklike lewe daartoe aanleiding gee dat die kerklike lewe self ook standhoudende karaktertrekke deur alle eeue heen kan behou. Om

waarlik kerk te wees vereis dat die kerk in God en sy Woord gewortel en gegrondwes lewe. Wanneer die kerk haar standhoudende karakter verloor, is dit omdat sy nie meer *alleen* uit die suiwer lewensbron put nie; nie meer *alleen* Christus, *alleen* genade, *alleen* geloof, *alleen* die heilige Woord, *alleen* aan God die eer nie.

Standhoudend kom ook in ander kontekste voor, byvoorbeeld in militêre sin. In dié verband sou eintlik eerder gepraat word van standvastig. Die kerk van die Here Jesus word in Efesiërs 6 as die leëmag van die Here Jesus beskryf, toegerus met die volle wapenrusting van God. So word hulle met krag versterk en staan vas teen die liste van die duiwel en sy magte. Dan beteken standvastig om op 'n betroubare manier volgehoue weerstand teen die vyand te bied en hom effektief te neutraliseer. Paulus dui hier aan hoe dit vir die strydende kerk moontlik is om standvastig te kan bly. 'Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte' (Efesiërs 6:10).

Wanneer 'n gemeente standhoudend is, is hulle 'n gemeenskap 'wat nie meer kinders is wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedriëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring nie'. In liefde betrag hulle die waarheid en so groei hulle in alles op in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus (Efesiërs 4:14, 15).

Omdat, en vir sover, die gemeente vanuit haar Lewensbron leef, kan sy

INHOUD

- | | | |
|--|---|---|
| 1 Redaksioneel
Standhoudend | 7 Op die Kerkerf
Woordverkondiging en die opbou van die kerk by Calvin
<i>Dr VE d'Assonville</i> | 9 Rekenaar en Internet
Online Bijbel De Luxe
<i>Dr AH Bogaards</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Geloofd sy die Here onse God!
<i>Ds JG Noëth</i> | 8 In die Koninkryk
Jesus Christus die wêreldheerser
<i>Dr JG Meijer</i> | 11 Persskou
• G'n derde sakrament
• Foi et Vie Réformées
<i>Ds GJ Meijer</i> |
| 3 Op die Kerkerf
Vrymaking 2003 (1)
<i>Ds GJ Meijer</i> | | |

die troos hê dat sy 'n ware gemeente van die Here Jesus is. Dwalings en afval vind plaas wanneer die gelowiges van hulle Lewensbron afgetrek word; sodra hulle voeding en krag uit (God-)vreemde bronne begin put. Aanvanklik word nog wel saam uit die suiwer Bron geput, maar stelselmatig al hoe meer vanuit die mens. 'Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot

erger, hulle wat verlei en verlei word' (2 Timoteus 3:13).

Die ware kerk wat die Woord suiwer, dit is met 'n onverdeelde hart vashou, luister na die betroubare waarskuwing van Paulus aan Timotheus: 'Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan

maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus' (2 Timoteus 3:14, 15).

So bly die bekende historiese slagspreuk ook steeds aktueel: 'ad fontes!', terug na die Bron! Dit is wat voortdurende reformasie is. In hierdie sin is die ware kerk en die ware geloof standhoudend deur alle eeue tot op die dag dat dieselfde Christus in Wie die kerk en die geloof haar begin te danke het, op die wolke verskyn.

SKRIFOORDENKING

Ds JG Noëth, Wolmaransstad

Geloofd sy die Here onse God!

Lees: 2 Kronieke 9:1-12

'Geloofd sy die HERE u God wat behae in u gehad het om u op sy troon as koning vir die HERE u God te laat sit! Omdat u God Israel liefhet om dit vir ewig in stand te hou, het Hy u as koning oor hulle aangestel om reg en geregtigheid te doen.'

Heel dikwels lyk dit vir ons asof die kerk, die volk van God, in 'n wêreld vol onreg en heidense invloed verlore gaan. U is miskien vandag ook bekommerd omdat dit al meer en meer lyk of die kerk se voortbestaan bedreig word.

Ons vra so maklik die volgende vrae:

- Sal die volk van God in 'n heidense wêreld staande kan bly?
- Sal God nog die eer kry wat Hom toekom?

Ja, ons vra sulke vrae, maar ons teks kom eintlik met die teenoorgestelde van dit wat ons altyd vra. Die teks sê: selfs heidene prys God as hulle sien dat God sy volk liefhet, in stand hou en in wysheid laat regeer. Dit word duidelik uit die lofsang van die koningin van Skeba tot die God van Salomo.

Die grond van haar lofsang

In die boek 1 en 2 Kronieke is die sentrale boodskap: God se goeie sorg vir sy volk onder leiding van Dawid en sy nageslag. Die geskiedenis van Dawid en sy nageslag, waaruit Christus voortgekom het, loop soos 'n goue draad deur die boek Kronieke. In 2 Kronieke is 'n voortsetting van hierdie boodskap en doel.

In die lyn vanaf Dawid tot die geboorte van Christus, kry ons hierdie gedeelte oor Salomo. Die koningin van Skeba en haar besoek aan Salomo word spesifiek genoem. Sy besoek Salomo om eerstens 'n handelsooreenkoms te sluit en tweedens die gerug te toets wat sy aangaande hierdie wyse koning gehoor het.

Waar die land Skeba presies was, weet ons nie. Wie hierdie koningin presies was, weet ons ook nie. Dit is wel duidelik dat sy 'n koningin van 'n land, iewers in die verre suide van Arabië, was.

So kom hierdie koningin by Salomo en toets hom. In vers 1 staan daar dat sy hom met raaisels op die proef gestel het. 'n Raaisel was gelykstaande aan moeilike vrae. So 'n raaisel het heel dikwels die een of ander diepere betekenis gehad en die aanhoorder daarvan moes dit probeer vasstel. Bo en behalwe die raaisels sou die koningin ook vir Salomo allerlei vrae vra oor die natuur, politiek, en die sosiale lewe.

In vers 2 kom dit baie duidelik na vore dat die koningin nie in haar verwagting teleurgestel is nie. Daar staan: 'En Salomo het haar al haar woorde verklaar; en geen woord was vir Salomo te diepsinnig om haar dit te verklaar nie'. Die wysheid waarmee Salomo regeer het, het nie net vir haar duidelik geword uit dit wat sy gehoor het nie. Nee, in alles wat sy gesien het, het sy bewus geword van die wysheid waarmee hy regeer. Dit blyk uit vers 3: 'Toe die koningin van Skeba dan die wysheid van Salomo sien'. Sy wysheid waarmee hy regeer het was dus baie sigbaar. Volgens vers 8 het

sy Salomo se wysheid gesien in die reg en geregtigheid wat hy gehandhaaf het.

Sy sluit haar woorde tot die koning in vers 8 af: 'Omdat u God Israel liefhet om dit vir ewig in stand te hou, het Hy u as koning oor hulle aangestel om reg en geregtigheid te doen.' Eenvoudig gestel: omdat God vir Israel, sy volk, liefhet laat Hy hulle deur Salomo regeer. Salomo, hy wat wêreldwyd bekend was, nie soseer vir sy rykdom nie, maar vir sy wysheid waarmee hy regeer het.

Die Here hou sy volk, Israel, in stand deur hulle in wysheid te laat regeer. Sy liefde word getoon in 'n sigbare en wyse regering.

Laat ons eers 'n oomblik by hierdie Ou Testamentiese begrip 'wysheid' stilstaan. Wysheid beteken in die Ou Testament by uitsondering wetenskaplike wysheid, maar dui gewoonlik - in die vorm waarin dit gebruik is - op 'n praktiese begaafdheid. As lewenservaring vereis wysheid geen studie of stand nie. Wysheid gaan in die Ou Testamentiese konteks oor insig in die menslike karakter en in menslike verhoudings.

So het Salomo in 'n besondere mate wysheid besit. Hy toon dit veral in sy regspraak. Waar kry Salomo sy wysheid vandaan? Dit blyk duidelik uit die woord van die koningin: 'Van die HERE sy God'. Herhaaldelik gebruik sy hier die verbondsnaam van die HERE. God se verbondsnaam word elke keer in 'n versterkte vorm gebruik. Deur hierdie herhaalde versterkte gebruik van God se verbondsnaam blyk duidelik God se besondere liefde vir sy volk. In

haar besoek aan Salomo het nie net God se liefde vir sy volk duidelik geword nie, maar sy kon juis die verbondsliefde van die Verbondsgod sien. Deur hierdie verbondsliefde hou Hy sy volk in stand.

Die koningin van Skeba grond haar lofsang hierop: Omdat God sy volk liefhet (met 'n verbondsliefde liefhet) om dit vir ewig in stand te hou, laat Hy sy volk so in wysheid regeer sodat reg en geregtigheid kan geskied.

Niks kon nog ooit die volk, wat God in stand wil hou, uit sy hand ruk nie. Dit moet vir ons in die omstandighede waarin ons leef 'n geweldige troos wees. Om te besef dat niks ons, as die verbondskinders van God, uit sy wyse liefdesregering kan losmaak nie. God het sy verbondsliefde vir ons bewys deur ons in stand te hou in Christus wat vir ons gesterf het. God hou sy volk in stand deur sy liefde, aan ons sigbaar gemaak deur die dood en opstanding van Jesus Christus.

Al voel dit soms vir ons asof alles wegbeweeg van God af, weet ons dat ons in Christus se liefde in stand gehou word. Christus se dood en opstanding is vir ons as volk van God nie net 'n troos nie, maar ook 'n versekering dat Hy in die toekoms met ons sal wees.

Deur die wysheid waarmee Salomo regeer het, het God se liefde sigbaar geword. Hierin grond die koningin haar lofsang. Neem ons dit een stap verder, dan sien ons waartoe die liefde van God hierdie heidense koningin bring deur na die inhoud van haar lofsang te kyk.

Die inhoud van haar lofsang

God het sy volk lief, Hy wil hulle in stand hou en Hy laat hulle in wysheid regeer. Die inhoud van haar lofsang

kom direk as gevolg van die 'sien' van Salomo se wysheid. Let op die reaksie van die koningin van Skeba toe sy die wysheid en rykdom van Salomo sien. Sy, wat 'n baie ryk koningin was, beny die diensknegte van Salomo, nie soseer oor die rykdom wat hulle elke dag aanskou nie, maar oor die feit dat hulle gedurig hierdie wysheid aanhoor: 'Gelukkig is u manne, en gelukkig hierdie dienaars van u wat gedurig voor u staan en u wysheid hoor!' (vers 7)

Salomo se wysheid het in sy regering sigbaar geword. Die gevolge kry ons baie sterk as sy in vers 8 sê: 'Geloofd sy die Here u God'. In die Hebreeus kom die lofprysing nog sterker na vore as dit in die vorm van 'n wens weergegee word: 'Laat die Here u God geprys word'. Sy prys die God wat sy volk in liefde onderhou en in wysheid laat regeer.

Die gedeelte vertel verder dat die koningin na haar land teruggekeer het. 'n Mens sou verwag dat sy heel tevrede teruggegaan het, want sy het Salomo se wysheid aanskou soos sy wou doen. Volgens alles wat sy in die ruiltransaksie gekry het, sou ons kon sê dat sy ook haar handelsooreenkoms gesluit het. Maar tog is hier 'n belangrike aspek wat ons nie mag miskyk nie. Sy, as heidense koningin, gaan eers terug nadat sy gesê het: 'Laat die HERE u God geprys word.'

Bemerk u watter wonderlike pad die HERE soms loop? Hy bring haar, 'n heidense koningin van Suid-Arabië, om Hom te prys. Wel kom sy aanvanklik met die doel om Salomo se wysheid te toets en 'n handelsooreenkoms te sluit. Die uiteinde, die belangrike vir ons, is 'n lofsang van 'n heiden aan Hom die Almagtige God. Deur die wysheid waarmee Hy vir Salomo laat regeer,

kom sy liefde vir sy volk uit, sodat selfs sy, as heidin, moet buig voor Hom die Ewige God.

Wanneer die liefde van die Verbondsgod sigbaar word, kom selfs heidene tot lof aan die HERE.

Natuurlik plaas hierdie gedagte 'n geweldige roeping op ons. God het steeds sy volk lief en Hy hou ons steeds in stand. Deur Jesus Christus het Hy oorwinning behaal. Ons het die taak en die roeping om die liefde van God en die oorwinning van Jesus Christus in ons lewens sigbaar te laat word, sodat selfs hulle wat God nie ken nie, dit kan sien. Ons, as volk van God in Suid-Afrika, het vandag 'n geweldige taak om getuies te wees; getuies in 'n tyd van godsdiensgelykheid, godsdienseenvormigheid en godsdiensvervreemdheid, sodat selfs hulle wat die ware God nie ken nie, Hom in ons kan raaksien.

Uit onself kan ons nie hierdie wysheid sigbaar laat word nie. Salomo het vroeg in sy lewe sy wysheid van God gebid. Laat ons daaglik bid dat die Here ons deur sy Heilige Gees wysheid sal gee om sy verbondsliefde sigbaar te maak. Sodoende kan ons selfs heidene tot lof aan God, wat sy volk liefhet en in stand hou, bring.

Sal die volk van God staande kan bly in 'n heidense wêreld?

Sal God nog die eer kry wat Hom toekom?

Ja, want ons as die volk van God word deur Hom in sy wysheid regeer. Deur ons moet die wêreld die wysheid en liefde van God sien sodat selfs die heidene bewus kan word van God se liefde vir sy volk en tot 'n lofsang kan kom: Laat die HERE u God geloof word, omdat Hy sy volk liefhet en in stand hou.

OP DIE KERKERF

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Vrymaking 2003 (1)

Sedert die Generale Sinode Zuidhorn van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKV) in Nederland gedurende 2002/03 gesit het, het daar ingrypende gebeurtenisse in dié kerke plaasgevind. Heelparty lidmate van die GKV het hulle van die besluite van Sinode Zuidhorn 'vrygemaak',

aangesien hulle meen dat die besluite nie met die Woord van God ooreenkom nie. Vrymaking van sinodebesluite het vir sommiges selfs tot opsegging van lidmaatskap en stigting van nuwe kerke - sogenaamde streekgemeentes - gelei. Met hierdie artikel word 'n kort oorsig oor die

verloop van die gebeure in Nederland geskets. In 'n opvolg-artikel sal DV gepoog word om die verloop van die gebeure te evalueer. Raakvlakke met ons kerklike situasie in die GKSA sal dan eweneens uitgewys word.

Eerste geluide

Op Woensdag 12 Februarie 2003 verskyn 'n berig in *Nederlands Dagblad* (ND) onder die opskrif 'Leden Reformanda willen reformatie'¹. Reformanda is 'n vereniging van Gereformeerde lidmate. Die vereniging word in die GKV as 'behoudend Gereformeerd' beskou. Standpunte van die vereniging word weergegee in hulle tydskrif, wat eweneens die naam *Reformanda* dra.

Veertig lede van die vereniging Reformanda het alle lidmate van die GKV opgeroep om by hulle plaaslike kerkrade teen die besluite van Sinode Zuidhorn te protesteer. Die rede vir die oproep is die algemene verval in die kerke. Volgens die veertig lede wat die oproep tot reformasie uitstuur, word die verkeerde koers waarin die kerke hulle bevind tot 'n groot mate deur die besluite van Sinode Zuidhorn versterk. Die slotsom waartoe die ondertekenaars van die oproep tot reformasie kom, is dat daar nie meer van die GKV gesê kan word wat in NGB Artikel 29 bely word nie, naamlik dat 'almal hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken'.

Die volledige brosjure *Laten wij ons bekeren – een oproep tot reformatie* is op die webwerf² van Reformanda geplaas. Saam met die brosjure is voorbeeldbriewe aangeheg wat deur enige verontruste lidmaat van die webwerf afgelaai kon word om aan sy of haar plaaslike kerkraad voor te lê. In die voorbeeldbrief word kerkrade dringend gevra om binne ses weke na ontvangs 'n besluit oor die 'oproep tot reformasie' te neem. Daar word ook 'n beroep op kerkrade gedoen om met ander eendersgesinde kerkrade oorleg te pleeg oor op watter wyse daar aan die reformasie in die kerke gestalte gegee behoort te word.

Oproep tot reformasie

Bo en behalwe die berig wat ND oor die optrede van die veertig verontruste lidmate deurgegee het, is 'n ondertekende verklaring van die betrokke lidmate, getiteld *Oproep tot reformatie*, by wyse van 'n advertensie gepubliseer.

In die advertensie stel die ondertekenaars baie duidelik wat die motief vir hulle optrede is. Dit gaan vir hulle nie oor behoudsug of vyandigheid jeens die kerk nie.

Groot besorgheid en diepgewortelde verdriet oor die verval van Christus se kerk is die dryfveer vir hulle optrede. Die noodsaak om te reformeer het te doen met algemene verval in die kerke en die sinodebesluite van Zuidhorn.

Wat betref die algemene verval in die kerke word die aandag gevestig op:

- Ongehoorsaamheid aan God se gebooie wat al meer en meer openlik toegelaat word. Dit het sekularisasie op allerlei gebiede tot gevolg. Die praktyk van Sondagsrus is veral in die spervuur. Lidmate bring die Sondag op 'n eiewillige manier deur, in stede daarvan om op die dag van die Here te rus en sy groot dade te gedenk.
- Die heiligheid van die huwelik wat onder groot druk staan. Die getal egskedings in die kerke neem toe. Verskeie kerkrade bedien nie meer die tug in geval van egskeding nie. Dit geld ook vir die sluit van tweede huwelike na 'n ongeoorloofde egskeding.
- Die belydenis aangaande die kerk wat deur sekularisasie aangetas word. Lidmate se eie geestelike, religieuse behoeftes en gevoelens weeg swaarder as die roeping waarmee Jesus Christus tot sy bruid kom. Gebrek aan kerkbesef kom uit in geringskatting, selfs ontkenning van die Here se werk in die reformasie van die kerke deur alle eeue. Daar word 'n streep deur die kerkgeskiedenis getrek.
- Die eenheid van die lewe wat aangetas word. Waar die kerke van die vrymaking (1944) baie moeite gedoen het om gereformeerde organisasies op talle lewensterreine daar te stel (onder andere die Gereformeerde Politieke Verbond en Gereformeerde Maatskaplike Verbond), word daar tans vanaf hierdie ideaal wegbeweeg. Daar is 'n soeke na interkerklike samewerking, wat tot verswakking van die uitleef van die gereformeerde beginsel lei. Deurgaande reformasie ontbreek.
- Die vele liedere uit die *Liedboek voor de kerken* wat geruisloos aanvaar is. In stede van God se eer wat - ook in die kerklied - sentraal staan, draai die kerklied tans om die persoonlike denke en gevoelens van die gelowiges. Bowendien word woorde met 'n dubbele betekenis, waarin dwaalleer verpak is, aanvaar. In berymings van bepaalde Skrifgedeeltes word aan God se

Woord tekort gedoen deurdat antitese, verbondseis en verbondswraak weggesny word. Die Psalms as Liedboek van die verbond kom onder die groot getal gesange al meer in die verdrukking.

- Die liturgie wat sterk veranderinge ondergaan. Daar is 'n sug na eie beleving van die kreatiewe mens. Ongebondenheid op hierdie gebied neem plek-plek die oorhand.
- Prediking wat 'n nuwe pad opgaan. Onder die motto 'die hoorder moet meer in die prentjie kom' dreig die hoorder om self steeds meer die sentrum van die prediking te word. Die skriftuurlike karakterisering van die prediking as bediening van die versoening word openlik in twyfel getrek.
- Verregaande skrifkritiese gedagtes wat by die Teologiese Universiteit van Kampen geuiter word. In die boek *Woord op schrift* word die gesag en inspirasie van die Skrif verdag gemaak. Kuratore van die Universiteit het, in stede van ernstige vermaning, die betrokke dosent selfs aangemoedig om in sy denkrigting verder te gaan.

Oor die sinodebesluite van Zuidhorn sê die verontruste lidmate dat van 'n Generale Sinode verwag mag word dat sy reformerend optree. In plaas daarvan het die sinode haar by die ontwikkelinge in die kerke aangesluit en dit selfs tot 'n groot mate gewettig. Dit blyk uit besluite ten opsigte van sondagsrus/vierde gebod, kerklike eenheid met die Christelike Gereformeerde Kerken en Nederlands Gereformeerde Kerken, die seënende gemeentelid, verteenwoordiging in eredienste van nie-gereformeerde kerke, ongekontroleerde viering van nagmaal in krisisegebiede, toelaat van die vertaling *Groot Nieuws 1996* in eredienste, invoering van onskriftuurlike gesange, ontgraving van artikel 65 Kerkorde (twee eredienste op 'n Sondag) en artikel 67 Kerkorde (sing van Psalms en gesange tydens die erediens), die hersiene huweliksformulier, die nuwe nagmaalsformuliere, invoering van die ordinarium, onkritiese aangaan van 'n susterskerkrelasie met buitelandse kerke met spesiale verwysing na die PCEA in Australië, en die rapport en besluite oor egskeding.

¹ Nederlands Dagblad (ND), 12 Februarie 2003, p 2

² <http://www.reformanda.nl>

Die leuen het 'n plek ten koste van die waarheid gekry. Eiewilligheid in diens aan die Here is toegelaat. Menslike religieuse belevinge word tegemoet gekom.

Al hierdie erg verontrustende sake noop die ondertekenaars om hulle medegelowiges in alle kerke met wie hulle in verband saamleef tot daadkrachtige reformasie op te roep.

Uiteenlopende reaksies

Nie alle medewerkers van die blad *Reformanda* is dit eens met hulle verontruste broeders en susters nie³. Dit blyk dat sommige lede van die vereniging nie van die opstel van die *Oproep tot reformatie* geweet het nie. Hulle meen dat 'n protes-geskrif by wyse van 'n advertensie in die koerant nie die regte manier is waarop gelowiges hulle saak stel nie. Daar is 'n ordelike kerklike weg wat bewandel behoort te word. Buitendien voel almal nie ewe sterk oor die verskillende sake wat in die *Oproep* vermeld word nie. Alhoewel daar gemeenskaplike besorgdheid oor 'n groot aantal sake bestaan, is die oproep tot reformasie 'n té drastiese stap.

Ds JM Goedhardt, 'n lid van *Reformanda* wat die *Oproep* nie onderteken het nie, meen dat geduld beoefen moet word en die pad vir gesprek oopgehou moet word. Volgens hom dryf die ondertekenaars van die *Oproep* hulle eie mening verkeerdelik deur, wat tot 'n breuk in die kerke kan lei.

'n Ander predikant van die *Reformanda*-geledere, ds HW van Egmond, is bly dat sy naam nie onder die *Oproep* staan nie. Hy ag die optrede van die veertig verontruste ondertekenaars prematuur, voortydig. Talle sake is volgens ds Van Egmond nog nie uitgekristalliseer nie, en daar is nog baie ruimte vir gesprek. Ná Sinode Zuidhorn 2002/03 kom daar nog 'n sinode.

Ds CJ van Enk, 'n medewerker van *Reformanda*, het in reaksie op die advertensie sy medewerkerskap opgesê. Hy reken dat die aantygings wat daarin vervat is buite verhouding en veralgemenend is.

Ds CJ Breen bespeur in die advertensie 'n deurdryf van sake. Daar word nie genoegsaam tyd gegee om verskilpunte wat daar is behoorlik te oorweeg en deurdink nie. Hy pleit dat die 'tyd van die Here afgewag word'. Hy verwys ook na 'n

opmerking van prof K Schilder: 'Die grens is eers bereik as jy gedwing word om te sondig'.

Voet by stuk

Ongeveer drie en 'n half maande na die publikasie van die *Oproep* tot reformasie vestig dr S de Marie namens die bestuur en redaksie van *Reformanda* die aandag op die toenemende nood in die GKV. By wyse van 'n artikel in *Nederlands Dagblad*⁴ onderstreep hy die omvang en erns van vrysinnigheid onder predikante van die GKV. Hy verwys na ds Jos Douma wat verklaar het dat die verbond nie bestaan nie; 'n persoonlike verhouding met Christus wel. Dr de Marie verwys ook na Ds Tim Vreugdenhil wat geen probleem daarmee het om oor allerlei 'geloofswaarhede' te diskussieer nie. Laasgenoemde vind dit normaal dat iemand sal meen dat die kerk die bruid van Christus is, en dat iemand anders hoegenaamd geen aanklank by so 'n gedagte sal vind nie. In so 'n geval moet daar met mekaar gepraat en 'n gesamentlike slotsom gevind word.

Dr de Marie stel dat 'n situasie soos hierdie onhoudbaar in die kerk is. Teologie kan nie soos 'n lappieskombers wees wat 'n samevoeging van verskillende teoloëse denke oor God bevat nie. Christus is Koning van sy kerk. Voor sy Koningskap moet almal buig: lidmaat sowel as Woordbedienaar. Die Here soek geloof by sy kinders, geen aanpassing van die Bybel by die mens nie. Dit is nie so dat Christus deur die post-moderne mens 'her-ontdek' moet word nie. Christus moet geglo en gehoorsaam gevog word.

Daad by die woord

Gedurende Julie 2003 word berig dat drie gesinne in Veenendal besluit het om geen eredienste meer by te woon nie, aangesien hulle probleme met die besluite van Sinode Zuidhorn het⁵. Ook op ander plekke - onder andere Berkel en Rodenrijs, Grijskerk en Venlo - oorweeg lidmate om die kerk te verlaat. Die doel van die verontruste lidmate is om terug te keer na wat werklik gereformeed is. Dié doel kan volgens die betrokke broeders en susters nie uit hulleself bereik word nie. Alleen deur die leiding van die Heilige Gees kan daar 'n terugkeer na die waarheid kom.

Die predikante van die gemeentes

waar lidmate tot afskeiding oorgaan, is van mening dat die weg van gesprek bewandel moet word. Daar moet veral teen woorde soos 'vrymaking van sinodebesluite' gewaak word, aangesien dit die indruk wek dat die verskilpunte van die kerke in 2003 op dieselfde vlak sou lê as die krisis van 1944, wat tot die ontstaan van die GKV gelei het.

Die redakteur van *Reformanda*, dr P van Gurp, noem dat hy nog nie van gemeentelêde gehoor het wat nie meer eredienste bywoon nie. Hy vermeld wel dat die *Oproep* tot reformasie oor die hele breedte van die kerkverband verwerp is. 'Daarom kan ons nie anders nie as om vas te stel dat die Gereformeerde Kerke nie langer as ware kerk aangemerkt kan word nie.'

Gedurende September 2003 vind daar 'n 'vrymaking' in Berkel en Rodenrijs plaas⁶. 'n Akte van vrymaking is by die kerkraad van dié gemeente ingedien. Die grond vir vrymaking is die reeds genoemde besluite van Sinode Zuidhorn. Volgens die vrygemaaktes het dit duidelik geword dat die weg van appèl en beswaar ten einde gekom het, dat die tug misbruik word en die gemeenskap van heiliges opgebreek is. Die beswaardes wat hulleself vrygemaak het, hoop om op korttermyn tot kerkinstituering oor te gaan.

Ds H van Veen, lid van die moderamen van Sinode Zuidhorn, beskou die groot stap wat die 'vrygemaaktes' geneem het as teleurstellend. Hy vind ook dat die betrokke lidmate 'swaar woorde' gebruik om die GKV nie die ware kerk te noem nie. Daarmee word 'n sterk oordeel uitgespreek. Ds van Veen vind dit tekenend dat die beswaardes deurgaans weinig openheid betoon deur 'n geslote vergadering te belê. 'Die groep dreig om sektariese trekke te vertoon.'

Vrymaking: vervolg of breuk?⁷

Onder hierdie titel plaas ds TJ Havinga die vrymakings-aksie te Berkel en Rodenrijs in verband met

³ Oproep verdeelt achterban van *Reformanda*. ND, 12 Februarie 2003.

⁴ Schuldbelijdenis en terugkeer nodig. ND, 25 Mei 2003.

⁵ Vertrek omdat kerk niet langer de ware is. ND, 22 Julie 2003.

⁶ Verontrusten uit Berkel maken zich vrij. ND, 6 September 2003.

⁷ Artikel van ds TJ Havinga. ND, 6 September 2003.

die vrymaking van 1944. In 1944 het die sinode ampsdraers gedwing om die leer van die veronderstelde wedergeboorte in hulle onderrig uit te dra. Sekere ampsdraers (professore) het geweier om dit te doen. Hulle is toe geskors en afgesit. Dit het tot die vrymaking gelei. Die vrygemaakte kerke (GKV) het hulleself as die voortsetting van die Gereformeerde Kerke in Nederland gesien.

Ds Havinga stel die vraag: is die vrymaking van 2003 'n voortbouing op die vrymaking van 1944? Hy beantwoord die vraag negatief, en verwys na drie verskilpunte:

- Geen ampsdraers wat met die sinodebesluite van Zuidhorn verskil is geskors of afgesit nie.
- Sinode Zuidhorn het geen gewetens gebind deur 'n bepaalde onskriftuurlike leer aan beswaardes op te lê nie.
- Die gesag van God se Woord is nie in geding nie. Kerke van 2003 is op grond van Gods Woord aanspreekbaar.

Ds Havinga kom tot die slotsom dat die vrymaking van 2003 geensins in lyn met die vrymaking van 1944 is nie. Inteendeel, daar het volgens hom 'n breuk in die GKV ontstaan. In 1944 het dit oor die breedheid van die werk van Christus in hierdie wêreld gegaan. In die nuwe vrymaking van 2003 gaan dit uiteindelik oor die engheid van die sekte en 'n repeterende breuk⁸.

Ds Havinga ontken nie dat die kerke met baie probleme te doen het nie. Daar is groot sorge oor dié probleme. In vertroue op God moet daar egter geen breuke geslaan word nie. Elkeen moet die vraag beantwoord: wie volg jy? Christus? Waar voeg jy jouself? By die kerk (waar daar vergader word) of by 'n sekte (waar daar verskeur word)? In aansluiting by ds Havinga meen die eindredakteur van ND, PA Bergwerff, dat die 'suiwerheidsideaal wat aan die vrygemaaktes se harde oordele en eksklusiewe handelinge ten grondslag lê, nie anders kan nie as om in 'n doperse sekte uit te mond nie⁹.

Voorwaarts

In die loop van September 2003 word 'n 'Landelike openbare vrymakingsvergadering' te Zwolle gehou. Die vergadering is georganiseer omdat die oproep tot reformasie deur die meerderheid van kerklidmate verwerp is¹⁰. Die

byeenkoms in Zwolle staan onder leiding van dr S de Marie, voorsitter van die vereniging *Reformanda*. Dr van Gulp, redakteur van *Reformanda* en enigste predikant wat aan die vrymaking deelneem, tree as spreker op. Hy noem die byeenkoms die 'geboorte-uur van 'n nuwe vrymaking'¹¹. Die titel van sy referaat is 'Om kerk te blijven'. Met sy referaat toon hy aan dat die vrymaking van die onskriftuurlike besluite van Sinode Zuidhorn geen skeuring beteken nie, maar voortgang vir die kerk. Spreker John Boot bevestig dr van Gulp se standpunt: 'Ons kerke is in 'n verregaande staat van verval. Kerklike vergaderinge het in hulle sondige weg volhard. Die proses van geestelike opwekking en kerkherstel is gestop. Daarom dat daar mense is wat meen dat hulle hulleself moet afskei van dit wat geen kerk meer is nie'¹². In navolging van Abraham Kuyper noem Boot drie fases van reformasie: 'n geestelike opwekking (by 'n geestelike insinking), kerkherstel (by dwalinge) en – as die eerste twee fases nie tot die gewenste resultaat lei nie – 'n breuk. Die uitgangspunt moet altyd geestelike opwekking, terugkeer na Gods Woord wees. Die toespraak van John Boot het in 'n uitgebreide brosjure verskyn¹³.

Gebaste swaar

Die vrymaking van verontrustes was 'n bron van oplugting en tevredenheid vir sommige ander lidmate¹⁴. Langs dié weg raak die kerk ontslae van 'n irriterende groep dwarstrekke. Met die verontrustes uit die weg kan die kerk haar uiteindelik weer met belangrike sake besig hou. Na afloop van die vrymakings-vergadering in Zwolle het ene Adrie Menninga¹⁵ 'n brief onder die ruitveërs van die geparkeerde motors versprei, waarin sy skryf: 'Gaan asseblief so gou as moontlik uit die kerk uit. Stig julle eie, enige ware kerk. Moenie die lewe in ons kerke langer versuur met julle afskuwelike *Reformanda*-taal nie. Ek vra julle: vertrek! Laat ons met rus!'. Daar is selfs e-posse wat virusse bevat na die webwerf van die verontrustes gestuur.

PA Bergwerff berig dat daar heelwat haatdraende briewe vir plasing in ND ontvang is. Hy oordeel dat die gees wat in hierdie briewe na vore kom, nie veel goeds vir die kerke inhou nie. Hy erken dat betersweterigheid en liefdelose deurdryf van party mense (met verwysing na die verontrustes)

tot ontsaglike spanning lei. Maar as dié spanning beantwoord word met 'gelukkig, ons is van hulle ontslae', moet jy jouself ernstig afvra of jy jouself nie aan dieselfde sonde van liefdeloosheid skuldig maak nie.

Bergwerff vermeld verder dat die verontrustes ten minste op een punt gelyk gegee moet word, naamlik dat die hoofstroom van vrygemaakte kerke ander weë ingeslaan het. Die kerke van 2003 dink en doen anders as die kerke van 1944. Die 'alles of niks'-klimaat waarin die verontrustes leef was enkele dekades gelede gemeengoed binne die GKV. Dit het intussen dramaties verander.

Behalwe 'n aantal (aggressiewe) briewe wat oor die onrus in die kerke ingekom het, is daar oor die 'Vrymaking van 2003' nie veel gepubliseer nie. Die Teologiese Universiteit van Kampen spreek hom nie daaroor uit nie. 'Niemand lijkt zijn vingers te willen branden aan de dreigende scheuring'¹⁶. In party gemeentes word daar baie oor die nuwe vrymaking gepraat. Elders word daar geen woord oor gerep nie. Sommige predikante verklaar die oorsaak vir die dreigende skeuring as 'n blote verskil van opinies, en bepleit dat lidmate deurgaans versigtig moet wees om hulle opinie tot die een en al te verhef. Daar moet eerder respek vir mekaar se denkrigtings wees, veral as dit van mekaar verskil.

Teen die einde van September 2003 was dit nog nie duidelik hoe wyd en omvangryk die vrymaking werklik verspreid is nie¹⁷.

⁸ Vergelyk ook die artikel van ds JW van der Jagt: 'Vrijmaking' legt nieuw juk op. ND, 20 September 2003. Ds van der Jagt skryf: 'Toen (in 1944) werden de kerken bevrijd van een juk. Vandaag wordt een nieuw juk aan de mensen opgelegd'.

⁹ Scheuring. ND, 13 September 2003.

¹⁰ Landelike afscheiding van vrijgemaakten. ND, 11 September 2003.

¹¹ Verontrusten zetten nieuwe Vrijmaking door. ND, 22 September 2003.

¹² Afscheiding is nodig, maar niet overhaast. ND, 13 September 2003.

¹³ Roept de Here ons tot Reformatie? Reformatie nú, ja of nee? September 2003. Besikbaar by <http://www.aanvulling.nl>

¹⁴ Scheuring (2). ND, 20 September 2003.

¹⁵ De situatie is nu erger dan in 1944. ND, 22 September 2003.

¹⁶ Geen officiële reacties op afscheiding vrijgemaakten. ND, 20 September 2003.

¹⁷ Omvang 'vrijmaking' nog onduidelijk. ND, 23 September 2003.

Kerkstigting

Afgesien van enkele gesinne wat hulle weens besware teen die sinodebesluite aan die GKV onttrek het, het dr Van Gulp hom gedurende Oktober 2003 ook vrygemaak¹⁸. 'n Nuwe gemeente, die *Gereformeerde Kerk Zwolle en omstreken*, is gestig. Dr van Gulp dien as voorganger¹⁹. Die beduidende getal jongmense wat tot vrymaking oorgaan en by die gemeente te Zwolle aansluit, is opmerklik²⁰. Einde Januarie 2004 bestaan die gemeente uit 110 lidmate²¹.

Ook te Berkel en Rodenrijs word 'n streeksgemeente gestig. Omdat 'n predikant ontbreek, word preke gelees. Drie ouderlinge en twee diakens word tot die amp geroep en bevestig. Einde Januarie 2004 bestaan die gemeente uit 124 lidmate.

Gemeentestigting volg in Veendendal, Zwijndrecht en Bergentheim²². Daar word verwag dat daar binnekort 'n gemeente te Hardenberg gestig word²³. Die hoop word uitgespreek dat 'n klassis gevorm kan word.

Die nood wat ondervind word, is 'n gebrek aan predikante. Dr van Gulp is tans die enigste diensdoende predikant. Hy is 'n emeritus-predikant en reeds tagtig jaar oud. Verder is daar 'n teologiese student te Kampen wat met die nuwe vrymaking saamgaan. Hy het intussen sy studies in Utrecht voortgesit, omdat hy dit nie langer onder die vyandskap van Kampen kon uithou nie²⁴.

Die stigting van gemeentes lei tot hernude belangstelling in die nuwe vrymaking. Brosjures word opgestel waarin die motief, werkwyse en doel van die vrymaking uiteengesit word. Veral in die meer 'ortodokse' ooste van Nederland word daar intens gesprek oor die gebeure in die GKV gevoer.

Nie almal wat hulle aan die GKV onttrek, beskou haar as 'valse kerk' nie. Daar is diegene wat meen dat die GKV 'n 'pluralistiese' kerkverband geword het²⁵. Dit is 'n kerkverband waar waarheid en leuen dieselfde plek het. As voorbeeld word verwys na gemeente A waar twee lesbiese vroue wat in sonde met mekaar saamleef, geduld word. In gemeente

B word so-iets nie geduld nie. Dit dui op 'n tweeslagtige, plurale toepassing van die tug.

Teenkanting teen en beskimping van die nuwe gemeentes wat gestig word, bly nie uit nie. Verwyte soos 'die Van Gulp-groep', 'n kerk van ds van Gulp', 'afgeskeie gereformeerde kerk te Zwolle', 'vrygemaaktes kwadraat', 'Reformanda-gemeente' en 'die sekte wat laasjaar daar gestig is' word hier en daar aangetref²⁶.

¹⁸ Koers Reformanda vandag ter discussie. ND, 15 November 2003.

¹⁹ 'Nieuwe vrygemaaktes' installeer kerkenraad. ND, 14 Februarie 2004.

²⁰ 'Niet om ons eigen gelijk te halen'. ND, 15 November 2003.

²¹ De 'nieuwe vrymaking' in cijfers. ND, 31 Januarie 2004.

²² Zesde 'nieuwe vrymaking' in Noordoost-Overijssel. ND, 3 Maart 2004.

²³ Update 01. Elektroniese skrywe dr van Gulp, 2 Februarie 2004.

²⁴ Update 02. Elektroniese skrywe dr van Gulp, 15 April 2004.

²⁵ 'Het zijn draagvlak-kerken geworden'. ND, 15 November 2003.

²⁶ Sekte. ND, 6 Maart 2004.

OP DIE KERKERF

Dr VE d'Assonville, Colesberg/Philipstown

Woordverkondiging en die opbou van die kerk by Calvyn¹

Gemeentebou, oftewel die opbou van die kerk (*ecclesiae aedificatio*) staan die afgelope dekades wêreldwyd teologies en kerklik sterk op die voorgrond (kyk Van 't Spijker, 1990:309-311).² Ook in Suid-Afrika is dit in só 'n mate die geval, dat daar selfs gepraat word van die 'ontwikkeling van 'n teologie van gemeentebou' (Erasmus, 1994:9)³.

Vir gereformeerde kerke, wat histories en teologies sterk wil bou op die teologiese fundamente van die Reformasie, ontstaan die vraag dan onwillekeurig watter lyne daar by Calvyn oor die opbou van die kerk gevind kan word. Dit is algemeen bekend dat Calvyn se teologie as 'n 'teologie van die Woord' bekend staan en hyself as 'n Woord-teoloog. By hom staan die Woord en Woordverkondiging primêr in die sentrum van kerk-wees. Watter implikasies het 'n Woord-teologie vir die opbou van die kerk, of vir

gemeentebou, vir die *ecclesiae aedificatio* met die eise waarvoor die kerk van Jesus Christus in Afrika aan die begin van die 21ste eeu te staan kom?

'n Sleutel vir die samehang tussen Woordverkondiging en die opbou van die kerk in Afrika, lê by Calvyn se gebruik van die begrip *doctrina* (vergelyk 'n vorige artikel oor *doctrina* in *Waarheid en Dwaling*, Jaargang 7, nommer 11/12, 2001). Dit is immers so dat Woordverkondiging (prediking), die vraag oor wát en hóé aan wie gepreek moet word, reeds vanaf die vroegste tye in die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese kerk ten nouste saamhang met *doctrina*, met dít wat verkondig en wat geglo moet word.

Ecclesiae aedificatio

Wanneer 'n mens tekste begin lees waar Calvyn van die *ecclesia aedificatio* (opbou van die kerk)

praat,⁴ vang twee aspekte onder meer die oog:

- Calvyn koppel gemeentebou, die [*ecclesiae*] *aedificatio*, direk aan

¹ Verkorte en vereenvoudigde uittreksel uit 'n artikel wat verskyn het in die *NGTT*, Deel 44, Nr 3 & 4, Sept en Des 2003.

² Van 't Spijker, W. 1990. Aspecten van gemeentebou in de Reformatie - Voornamelijk bij Luther, Bucer en Calvijn. *Theologia Reformata*, 33(4): 309-332.

³ Erasmus, LM. 1994. Sola ecclesia? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif - D.Th.)

Uiteraard word die begrippe *opbou van die kerk* of *gemeentebou* hier nie in eng tegniese sin nie (vergelyk definisie by Van 't Spijker, 1990:310,311) maar in ruim, algemene sin gebruik.

⁴ Op grond van metodologiese oorwegings het Calvyn se kommentare op die Pastorale Briewe vir hierdie ontleding onder die soeklig gestaan. Van 't Spijker (1990) wat ook aandag aan die aspek van die "ecclesiae aedificatio" by Calvyn geskenk het, het in sy studie veral na die *Institusie* en ook na preke deur Calvyn verwys.

die Woordverkondiging (*doctrina*, vergelyk byvoorbeeld CO 52, 304,⁵ kommentaar op 1 Timoteus 4:16). Die gemeentebou (*aedificatio*) deur die Woordverkondiging (*doctrina*) is 'n instelling van Christus; dit is ooreenkomstig sy onderrig (CO 52,324, kommentaar op 1 Timoteus 6:3). Diegene wat probeer slim wees, die sogenaamde 'sofiste', wat die Woord van God verdraai om hulle met allerhande fynsinnige betoë en spitsvondighede besig te hou, is dieselfde mense wat die *aedificatio* minag (CO 52,325, kommentaar op 1 Timoteus 6:4,5). Die *doctrina* waarvan daar in Titus 1:9 sprake is, is die *doctrina* wat die *ecclesiae aedificatio* dien (CO 52,412).

- Die *ecclesiae aedificatio* kan enersyds nie losgemaak word van die dienswerk deur die ampte nie en is andersyds verbind aan die gesonde *doctrina* wat in die Skrif en die regte gebruik daarvan gefundeer is (CO 52,343, *Argumentum* by kommentaar op 2 Timoteus). Met verwysing na 2 Timoteus 2:14 word die *aedificatio* gekoppel aan die dienswerk van 'n 'goeie dienaar' (*bonus minister*), 'n 'goeie leraar' (*bonus doctor*). In sy kommentaar op Titus 1:5, verbind Calvyn die dienswerk van die herder (*pastor*) direk met die *ecclesiae aedificatio* (CO 52,408).

Doctrina en aedificatio

Met bogenoemde beeld wat oor die verband tussen die *doctrina* en die *ecclesiae aedificatio* na vore tree, word hier nou op enkele implikasies gewys:

- Calvyn se begrip van die besondere dienste of ampte kongruer met die onskeibare, direkte verband waarin *doctrina* tot Skrifuitleg en Evangelieverkondiging, vermaning en barmhartigheidsdiens staan. Daarby is die opbou van die gemeente deur die Woord en die pastorale versorging van die lidmate ten diepste verbonde aan dienswerk deur die besondere dienste en onderlinge meelewing tussen die lidmate.
- Waar die *doctrina* egter nie tot sy reg kom nie, ly die ampswerk van die besondere dienste of ampte noodwendig daaronder. Ook andersom: waar die ampswerk nie na behore geskied nie, ontbreek dit aan die (gesonde) *doctrina*. Vanselfsprekend bly die opbou van die kerk dan ook in die slag. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is die 'onmondigheid' (om 'n Roomse en Aufklärungsterm te gebruik) van die lidmate en selfs van sommige ouderlinge of diakens, in soverre alles maar gerieflikheidshalwe aan die 'dominee' oorgelaat word. Die dominee moet 'n bestuurder, 'n Besturende Direkteur wees, in plaas van die Bybelse opdrag dat hy 'n dienaar van die Woord is, 'n herder en leraar wat die *doctrina* moet bedien. Van selfstandige, roepingsvervulde ampswerk in gehoorsaamheid aan Christus en sy Woord bly daar maar min oor. Die noodwendige eindresultaat is 'n gedeformeerde 'domineekrasie' met die regeeramp wat agteruitree; ouderlinge wat nie meer alles, ook nie die dominee se doen en late, aan die Woord toets nie.
- Die stryd vir die waarheid en téén die valse leer is in die Skrif 'n direkte opdrag aan alle lidmate, in die besonder aan die ouderlinge en natuurlik dienaars van die Woord. Hierdie stryd vir die waarheid as sodanig is by Calvyn en in die Reformasie nog prominent sigbaar. In 2004 beroep te veel lidmate sowel as ouderlinge en diakens hulle nog op uitsprake van dominees of teoloë of kerklike vergaderings, in plaas daarvan om ook sulke uitsprake aan die Woord te meet. Die beroep op sogenaamde 'kundiges' is tipies Rooms, en vreemd aan die Reformasie en aan die gereformeerde kerkbeskouing.
- Terwyl 'n mens by Calvyn nie 'n doktrinêre *doctrina*-begripsgebruik sal vind nie, is die beginsel vir die gereformeerde teologie en kerke duidelik. Eksegese en dogmatiek mag nie geskei word nie; sogenaamde dogmatiese en pastorale aspekte soos wat dit in die Woord van God na vore tree moet 'n eenheid wees. Dit maak natuurlik 'n groot appèl op die dienste, maar veral op die bedienaars van die Woord. Dit onderstreep ook die belangrikheid van huisbesoek deur herders en ouderlinge. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van die gereelde, suiwer verkondiging van die Woord, tydig en ontydig (2 Timoteus 4:2). Só het dit die HERE behaag om sy kerk te laat opbou, om die gemeente te bou, naamlik deur die Woord; deur die verkondiging, die bediening van sy Woord!

⁵ Calvyn, J. 1863-1900. *In Ioannis Calvini Opera Quae Supersunt Omnia*, Vol. I-LIX [= CO 1-59]. *Ediderunt* G[W]. Baum, E. Cunitz & E. Reuss, Vol. I-LIX, in *Corpus Reformatorum*, Vol. XXIX-LXXXVII. *Brunsvigae/ Berolini* : C.A. Schwetschke et filium.

IN DIE KONINKRYK

Dr JG Meijer (1931-2002)

JESUS CHRISTUS, DIE WÊRELDHEERSER

'En ek het gesien, en kyk, in die middel ... staan daar 'n Lam asof Hy geslag is ... Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.' (Openbaring 5: 6a, 7)

Die apostel kyk visioenêr in die hemel (Openbaring 4:1). Naby God se troonsetel staan die Lam asof Hy geslag is. Die Lam is die vervulde paaslam, Jesus Christus. Hy dra in sy verhoging nog die littekens van die

slagting in sy vernedering. Johannes sien sy deurboorde hande en voete en die teken van die spieswond in sy sy (vergeelyk Johannes 20:27).

Die littekens wys op Christus se kruisdood. Op Golgota het Hy met sy bloed, sy lewe, alle uitverkorenes uit elke stam en taal en volk en nasie gekoop (Openbaring 5:9). Uit die magte van die sonde en dood vrygekoop, het hulle sy eiendom geword.

Dit is ons troos in lewe en in sterwe (Heidelbergse Kategismus, antwoord 1). Die littekens van die verhoorde Heiland verkondig tot in die hemel en op die nuwe aarde: Die prys wat vir julle betaal is, is duur (1 Korintiërs 6:20), sy helse smart vir julle ewige lewe. Die evangelie van redding deur sy bloed, uit genade alleen, weerklink tot in ewigheid.

Deur sy offer aan die kruis, het die Here Jesus egter nie alleen redding vir

die gelowiges verwerf nie, maar ook wêreldheerskappy verkry.

Johannes, die balling op Patmos, sien God, sittend op sy verhewe troon. In sy regterhand lê 'n verseëde boekrol. Hierdie rol bevat sy besluite oor die verloop van die eindtyd, die geskiedenis vanaf die hemelvaart tot die koms van die Here Jesus met die wolke.

Wat Johannes verder sien, ontstel hom. Daar is geen skepsel wat in staat is om die seëls van die rol te verbreek nie. Geen engel, geen mens, geen duiwel kan die inhoud van die boekrol lees en verwerklik nie. Wat nou? Kom die wysers op die horlosie van die eindtyd tot stilstand?

Een van die hemelinge kom die diep bedroefde apostel vertrous. Hy wys op die Lam wat staan asof Hy geslag is. Hy, Hy alleen is waardig om die boekrol uit God se regterhand te neem. Aan Hom is - op grond van sy lyde en sterwe - na sy opstanding alle mag, alle bevoegdheid, in die hemel en op die aarde gegee (Matteus 28:18). Die Lam verbreek die sewe seëls, die een na die ander. So word die inhoud van die boekrol bekend. En, wat meer is, die verbreking van elke seël gaan gepaard met sy magtige dade (Openbaring 6-8). Hy doen wat op die rol geskryf staan.

Deur sy dood het Hy die wêreldheerskappy verkry. Ons Verlosser is die Magtige in die laaste tydperk van die geskiedenis. Die storie is sedert sy hemelvaart christelike geskiedenis.

Dit beteken nie dat die geskiedenis 'n storie van christene is nie. Koring

en onkruid moet immers saam groei tot die oes toe (Matteus 13:30).

Christelike geskiedenis beteken ewemin dat die laaste eeue volgens christelike beginsels verloop. Die gees van die Antichris is ook daar en sal voortdurend werksaam wees (1 Johannes 4:3).

Christelike geskiedenis hou in: Alles wat geskied, gebeur onder Christus se leiding. Hy is die Uitvoerder van al God se besluite wat op die boekrol van die storie opgeteken staan. Dit is ordelike besluite. Ook die uitvoering daarvan geskied ordelik. Daar sit 'n Goddelike sisteem in die geskiedenis van die skepping en herskepping. Noudat Christus alle dinge regeer - wat kan vlees, antigoddelike magte, ons nog doen? (Psalm 56:5)

Die mededeling dat die boekrol van binne en van buite (Openbaring 5:1), op die voor- en agterkant beskryf is, dui op die omvangryke program wat die Here Jesus voor sy koms afwerk. Die mensheid word tot uiterstes gedryf, sowel sy aanhangers as sy teenstanders.

Die beker van ongeregtigheid moet tot die rand toe vol word sodat die Here die laaste oordeel in volkome regverdigheid kan vel (vergelyk Genesis 15:16). Wie onreg doen, moet nog meer onreg doen; wie vuil is, moet nog vuiler word.

Die gelowige, die regverdige, moet daarenteen nog regverdiger en die heilige nog heiliger word (Openbaring 22:11). Namate die Here Jesus die geskiedenis verder lei, bring Hy die antiese tussen geloof en ongelooft steeds sterker na vore, in die

openbaar. Hy stuur die drama van die wêreldgeskiedenis na die klimaks.

Die Wêreldheerser regeer nie na willekeur nie. Hy eis gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde bevele en verbind sy seën daaraan. Elke owerheid is geroepe om hom aan die verhoogde Christus te onderwerp. Hy is die Hoof van elke owerheid en mag (Kolossense 2:10), die Koning van die konings, die Here van die here (Openbaring 19:16). Maghebbers wat Hom nie eerbiedig nie, kry te hore: Gou kan sy toorn ontvlam (Psalm 2:12).

Die Wêreldheerser is veral ook die Hoof van die liggaam, sy gemeente (Kolossense 1:18). Gelowige onderwerping aan Hom bring 'n lewenswandel mee wat Hy in twee agtereenvolgende gelykenisse aan ons voorhou: Stille verwagting, soos maagde op die koms van die Bruidegom (Matteus 25:1-13) en tegelyk: Woeker met elke talent wat julle van Hom ontvang het (Matteus 25:14-30).

Die Heilige Gees werk hierdie verlange en daadkrag in die harte en lewens van God se kinders. Hy maak ons bereidwillig om die Wêreldheerser, die Priesterkoning van Psalm 110, wat ons gekoop het, van harte en in die hele lewe te dien. Die Gees dring ons deur die Woord tot die belydenis in woord en daad:

'U volk, gereed tot dapper krygsmansdade

sal met u uittrek op die dag van stryd.

Hul sal verskyn in heil'ge feesgewade, in diensplig een en al gewilligheid.'

REKENAAR EN INTERNET

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

Online Bijbel De Luxe

Wie ken nie *Online Bible* nie? Dit was die eerste gratis Bybelprogram op rekenaar. Talle predikante het ten minste *Online Bible*.

Ek laai van tyd tot tyd die nuutste weergawe van *Online Bible* by <http://www.onlinebible.net/downloads.html> af. Daar sal u gratis Engelse modules (onder andere Bybels, kommentare, woordeboeke en naslaanwerke) kry. Gaan kyk ook gerus by Tolbos (<http://www.ccel.org/olb/>). Daar is ook 'n Afrikaanse webwerf vir *Online*

Bible (<http://www.cmn.co.za/cd-bible/index.htm>). As u die 1953-vertaling (gratis) of die 1983-vertaling vir *Online Bible* soek, kan u dr A van Wyngaard se e-posadres en telefoonnommer by laasgenoemde adres kry.

Die Nederlandse uitgawe deur *Importantia*

Vandag wil ek egter konsentreer op die Nederlandse uitgawe van *Online Bible*.

'n Organisasie met die naam

Importantia is verantwoordelik vir die uitgee van Nederlandse modules. Hulle het 'n baie netjiese en volledige webwerf by <http://www.importantia.com/>. Daar is ook skakels na Engelse en Duitse webwerwe.

Die *Online Bible De Luxe* CD

Importantia gee 'n CD met 'n massa werke uit. Nie alleen Nederlandse modules is beskikbaar nie, maar ook Engelse en Nederlandse boeke.

Die nuwe uitgawe van *Online Bijbel De Luxe* het in April verskyn.

Daar is verskillende uitgawes van hierdie CD, maar ek noem net die volledige een, naamlik die studie-uitgawe. Die koste is wel hoog, € 139, maar ek kan u verseker dat dit deur en deur die moeite werd is.

Boeke op die *Online Bijbel De Luxe* CD

As u wil sien wat alles op die CD is, kan u die katalogus (http://www.onlinebible.org/html/dut/overzicht_inhoud_dlx_dut.html) gaan lees. Ek kan ongelukkig nie alles binne die kort bestek van hierdie artikel opnoem nie. U sal maar saam met Bill Gates *Window-shopping* moet gaan doen in Stad-Internet.

Tog wil ek u aandag vestig op 'n paar besondere werke in Nederlands. Ek dink eerstens aan die *Gereformeerde Dogmatiek* van H Bavinck. Dit alleen maak hierdie CD al die moeite werd. Ook die dogmatiek van die Afscheiding, W a' Brakel se *Redelike Godsdienst*, is daar. Die woordeboek van FJ Pop, *Bijbelse woorden en hun geheim*, is nog 'n kosbaarheid. Verder ook Calvyn se Institusie, die Kanttekeninge van die Statenvertaling, die kommentaar van Dachsel, die kommentaar van Matthew Henry, Isak da Costa se nege-delige Bijbellezingen, verskillende werke van Köhlbrugge, die belydenisskrifte, die Psalmberyming van Datheen, die Bijbels Theologiese Encyclopedie, werke van Flavius Josephus en Abraham Kuyper se drie dele oor die werk van die Heilige Gees.

Nog interessante boeke op *Importantia*

Op die webwerf van *Importantia* is al die kommentare van Calvyn (Engels) in die formaat van *Online Bible* op aanbieding teen € 9,95.

'n Deel van Calvyn se kommentare (verskeie boeke van die Nuwe Testament) is wel op bogenoemde CD in Nederlands beskikbaar.

Enkele belangrike moontlikhede van *Online Bible*

Dit is moontlik om nie alleen die Bybels nie, maar ook al die ander boeke te deursoek vir bepaalde woorde. Kyk byvoorbeeld wat Bavinck oor die verbond gesê het en ondersoek die belydenisskrifte met behulp van hierdie soekfunksie.

Persskou

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

G'n derde sakrament

In die Persskou van April is daar na die film *The passion of the Christ* verwys. Daar is in besonder ingegaan op professor Adrio König se reaksie op dié film. In die April-uitgawe (nommer 17) van die gereformeerde internet tydskrif *Vox Viva* skryf dr Chris Saayman eweneens oor die gebeure op Goeie Vrydag. Met sy skrywe bring hy ons onder die indruk van hoe groot God se genade werklik is; en hoe daardie genade beleef moet word.

Dalk die mees fatale misverstand rondom die evangelieverkondiging het te make met ons begrip van dit wat 2000 jaar gelede op Golgota gebeur het. Wat presies het op daardie Goeie Vrydag gebeur toe die Vader Sy Seun as versoening van ons sondes geoffer het? Het God die Vader daar (op Golgota) slegs die moontlikheid van ons redding bewerkstellig? Of, het Hy ons dáár daadwerklik gered? Anders gestel. Het God - deur Christus se sterwe - slegs die moontlikheid vir alle mense geskep om met Hom versoen te word mits hulle hul kant bring en hulle samewerking gee (deur tot bekering te kom)? Of, hét God deur Sy Seun se dood ons daadwerklik gered sodat ons dit slegs uit dankbaarheid mag glo (Sola Fide)?

Glo ons dat ons gered is, of glo ons dat ons gered is omdat ons glo? Die verskil is nie gering nie. Dit maak die verskil tussen lewe en dood, tussen twyfel en sekerheid.

Die Skrif leer duidelik dat God die goddelose regverdig (Romeine 4:5). Hy red nie die bekeerdes of berouvolles of wedergeborenes of keuse-makendes nie. Nee, terwyl ons dood was in sonde, het God ons deur Sy Seun op Golgota gered. Dáár het Hy ons skuld afgeskryf (Kolossense 2:14). Dit is nie net "objektief" afgeskryf nie. Dit is afgeskryf. Die geloof omhels dit mosterd na die maal. Dit klink inderdaad té goed om waar te wees. Die gevalle menslike natuur voel instinktief dat hierdie Evangelie té eenvoudig is. Só maklik kan die verlore sondaar tog nie gered word nie. Daar moet iets meer wees. Ja, deur die sakramente van doop en nagmaal verseker die Here ons dat Hy ons op Golgota gered het en dat ons dit moet glo. Maar, die menslike natuur soek na 'n derde sakrament, 'n ánder vashouplek naas die Beloftewoord van God. En daardie vashouplek is in die mens self, in die vrome mens se hartsbeleving! Die gedoopte mens mag nie net God se Woord omhels dat hy/sy op Golgota

gered is nie. Nee, sê nou net dit is 'n valse sekerheid? Sê nou net dit is nie genoeg nie? Die duiwels glo immers ook (Jakobus 2:19). Hoe maklik kan 'n mens met 'n ingebeelde hemel in die hel beland! Daar is tog iets soos twee soorte geloof: 'n ware en valse. Daar is mos twee Verbonde: 'n inwendige en uitwendige. Daar is twee soorte roepings: Innerlik en uiterlik. Daar is twee soorte gelowiges: vals en eg. Daarom klink die Bybelse Evangelie van genade té maklik. Dit is beter dat die mens liever in onsekerheid bly totdat die derde sakrament gevind is: 'n Voelbare, aanduibare hartsbeleving wat die bewys is dat ek uitverkies is. Dán sal ek volle sekerheid hê!

Op hierdie manier is baie kerkmense op soek na 'n gevoelvulde geloofsbeleving. Dit moet die finale teken (vashouplek) wees dat hulle gered is. Die nadruk lê nie op God se deur-die-doop-gesertifiseerde-beloftewoord nie, maar op die mens se bekeringsweg waarin die gloed en vuur van die Gees gevoel word. Die fokus verskuif dus van God na die mens. Dit gaan nou oor die mens se innerlike. Dit gaan oor die voorwaardes waaraan eers voldoen moet word om 'n opregte gelowige

te kan wees. Dit wat Christus op Golgota gedoen het is maar net iets objektief. Wat saak maak, is dit wat die Gees in jou doen. Voordat jy tot geloof kom, moet jy eers diepgaande selfondersoek doen om te kyk of daar kentekens van die Gees se werk in jou hart is. Jy moet grawe in jou eie innerlike, op soek na die derde sakrament. Dit is die voorwaarde vir geloof. In die proses van selfondersoek moet jy verbrysel word deur sondebefes en skuldgevoelens. Jy moet jou sondelas voel. Jy moet jou ellende erg besef. Jy kan nie tot geloof kom alvorens jy nie by die rand van die hel was nie. Hierdie sondebefes moet eg wees. Dit moet aan sekere kwaliteite voldoen. Dit mag nie oppervlakkig wees nie. Eers dán kom die groot moment van die bekering. Dit moet momenteel plaasvind. Jy moet die dag en datum kan aandui. Die bekering moet ook volgens sekere stappe verloop. Dit moet so eg moontlik wees. Daar moet berou wees. Indien jou bekering nie volgens hierdie kriteria plaasvind nie, is jy onder verdenking.

Dr Saayman spreek homself soos volg oor die 'derde sakrament' uit:

Dink met hoeveel onsekerheid gaan hierdie soeke na 'n derde sakrament gepaard. Want, die mens fokus net op hom/haarself. Hoe sal 'n mens ooit met sekerheid weet wanneer jou innerlike belewenisse werklik eg genoeg is? Hoe sal jy ooit weet wanneer God 100% daarmee tevrede is? Wanneer sal jou kwaliteite ooit goed genoeg wees? Hoe diep moet jou sondebefes wees voordat dit diep genoeg is? Wanneer is jou tranes genoeg? Wanneer is jou bekering kragdadig genoeg? Geen wonder dat Maarten Luther die woordjie "genoeg" 'n "duiwelse woord" genoem het nie! Want dit trek die aandag weg van Christus se genoegsaamheid. Dit beroof jou van alle sekerheid. Dit maak jou blind vir die krag en eenvoud van die ware Evangelie.

Die soektog na die derde sakrament bring 'n mens by die punt van moedeloosheid. Hoe bevrydend is dit om dan tot rus te kom in die Here se vrye genade. Hoe bevrydend om te ontdek dat die getuigenis van die doop en nagmaal geglo mag word. Dat dit genoeg is! In doop en nagmaal het God immers Sy belofte,

Sy onvoorwaardelike toesegging van die heil aan ons (swart op wit) kom sertifiseer, naamlik dat Hy ons gered het op Golgota - sonder ons samewerking. Wie dit glo (omhels), kom tot rus. Uit so 'n mens se lewe begin dankbaarheidsgehoorsaamheid voortvloei in 'n lewe van heiligmaking. Dit is die sigbare bewys dat die Here se belofte geglo word.

Inderdaad, geen derde sakrament nie! Geen addisionele sakrament by wyse van innerlike belewenis nie. Ook nie by wyse van 'n film of spel of opvoering van Christus se kruisdood nie. Doop en nagmaal is genoeg. Uiteraard. Want wat God in sy alwysheid gee, is altyd genoeg.

Dr Saayman sluit sy artikel met 'n verwysing na die Twaalf Artikels af:

Hoe kan 'n mens gelowig ontdek dat jy onverdiend die hel kwytgeskeld is, en nie vervul word met dankbaarheid nie? Hierdie belofte/toesegging word in 'n neutedop saamgevat in die bekende Twaalf Artikels. Eintlik is dit 'n twaalfvoudige belofte/toesegging:

- Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde
(God het Homself my Vader gemaak. Ek het 'n Vader wat almagtig is)
- en in Jesus Christus Sy eniggebore Seun onse Here
(Jesus het eiendomsreg op my. Hy het beheer oor my lewe geneem, nie omdat ek dit aan Hom gegee het nie, maar slegs omdat Hy die HERE is!)
- wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria
(Jesus is die Middelaar tussen my en die Vader. Deur Sy maagdelike geboorte bedek Hy my skuld met Sy onskuld)
- wat gely het onder Pontius Pilatus
(Ek sal nie in die oordeel kom nie, want Jesus was in my plek veroordeel voor 'n aardse regter)
- gekruisig is
(Ek is totaal bevry van die vervloeking van sonde - deur Sy kruisiging)
- gesterf het en begrawe is

(Ek is totaal bevry van alle skuld - toe Hy gesterf het en begrawe is. Ek hoef niks meer te betaal nie)

- en ter helle neergedaal het
(Ek is algeheel verlos van die angs, smart van die hel deurdat Hy ter helle neergedaal het)
 - wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode
(My dood is oorwin en ek het 'n nuwe lewe ontvang op Paassondag toe Jesus opgestaan het)
 - wat opgevaar het na die hemel
(Ek het 'n Voorspraak in die hemel en my plek is gewaarborg deur Sy hemelvaart)
 - en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader
(Jesus regeer my lewe in die plek van die eie-ek vandat Hy aan God se regterhand gaan sit het)
 - van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het
(Ek gaan deel hê aan Sy koms, of ek nog lewe en of ek reeds gesterf het. Ek vrees niks)
 - Ek glo in die Heilige Gees
(Ek het die Heilige Gees deelagtig geword op Pinksterdag toe die Gees ook aan my gegee is)
 - Ek glo aan 'n heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges
(Ek het 'n plek in Sy kerk en in Sy erediens ontvang)
 - Die vergewing van sondes
(Al my sondes is werklik vergewe)
 - Die opstanding van die vlees
(Ek sal fisies uit die dood opstaan by die wederkoms)
 - en 'n ewige lewe
(Ek het die ewige lewe as geskenk ontvang)
 - Amen
(Dit word nie waar wanneer ek dit glo nie ... Dit is waar, daarom mag/moet ek dit glo!)
- 'n Waardevolle artikel wat nie net gelees nie, maar geleef moet word.

Foi et Vie Réformées

Hierdie Franse woorde beteken: Gereformeerde geloof (foi) en lewe (vie). *Foi et Vie Réformées* is die nuusbrief wat ds Eric Kayayan¹, predikant van die Gereformeerde Kerk Rietvallei in Pretoria, oor die Franse radio-bediening in Afrika uitgee. Deur middel van die radio word duisende Franssprekende mense in Afrika – veral sentraal-Afrika (Kongo en omliggende lande) – met die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus bereik.

In die Maart-uitgawe van die nuusbrief skryf ds Kayayan:

Wat is duiwelbeswering? Word dit in gereformeerde kerke beoefen? Wat is die betekenis van hierdie Bybelverse: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar...” (Jakobus 5:16)? Wie is hierdie “hemelwesens” en “dogters van die mense” (Genesis 6:2)? Mag Christene die gebruik van kondome goedkeur? Bevorder dit nie onetiese seksuele gedrag nie? Is dit teen die natuurlike orde en die skepping van

God? Is Vigs ‘n straf wat deur God gestuur is (in die lig van Openbaring 6)?

Hierdie is ‘n paar van die vrae wat op my tafel lê en wat ek moet beantwoord. Die meeste het per e-pos aangekom, en word deur Christene in Afrika gevra wat na die radio-uitsendings van Glo en Leef Gereformerd (GLG) luister. Dit is ‘n aanduiding van hoe ernstig hierdie Christene die Bybel opneem, want hulle soek daarin antwoorde, alhoewel hulle dit nie met die eerste oogopslag kry nie. Baie Westerlinge wat hulleself wel as Christene beskou, sou so ‘n soektog doodeenvoudig afwys. Hulle voer aan dat antwoorde op hierdie vrae uitsluitlik op die gebiede van die moderne Sielkunde, Antropologie of Epidemiologie te vinde sou wees. Vergeet van die Bybel... Maar vir my korrespondente is dit duidelik dat die hele lewe in verhouding met God en sy gesaghebbende Woord staan, al is ‘n geestelike verdieping van hulle begrip van hierdie Woord nodig (soos by elkeen van ons ook!). Die ander les wat ek uit hierdie briewe leer, is dat wat ons “leerstellings” noem, nie maar net ‘n stel abstrakte begrippe is nie, ‘n “teorie” wat ons in “praktyk” moet omskep nie, maar ‘n lewenswyse voor God as hernude skepsels. Ons geestelike voorvaders, die Hervormers, het dit presies op hierdie manier verstaan. Baie mense wat in ‘n tradisionele Christelike kultuur grootgeword het, het hierdie alomvattende wêreldbeskouing tot ‘n groot mate getransformeer tot ‘n stel formules wat iewers in die lug hang, en waarvoor daar slegs ‘n intellektuele goedkeuring nodig is.

Om betrokke te wees in die missionêre proklamasie van die Woord van die Lewe, verfris ‘n mens se perspektiewe op dit wat die Christelike geloof behels. Indien ek slegs ‘n stel formules sou verkondig, sou ek my luisteraars lei om die antwoorde op hulle mees basiese vrae te soek in die multigefasetteerde ideologieë van ons tyd. Maar hierdie ideologieë is bestem om een of ander tyd te verdwyn, terwyl die Here ons vertel dat “die hemel en aarde sal vergaan, maar my woorde nooit” (Matteus 24:35). Natuurlik lê dit ‘n groot verantwoordelikheid op my om hierdie woorde versigtig en sorgsaam te verkondig, en om hulle betekenis en implikasies slegs binne die raamwerk van die koninkryk van God uit te spel.

Is dit moontlik? Ek glo so, omdat die Here wat hierdie woorde gespreek het, ook sy dissipels met ‘n opdrag uitgestuur en verseker het dat Hy hulle sal toerus met sy Heilige Gees. Dit is eintlik net ‘n eenvoudige kwessie van geloof... Die reaksies wat ek op GLG se programme ontvang, getuig dat die Gees besig is om deur hierdie uitsendings te werk om mense te help om van hulle lewens en beproewinge sin te maak, lig in die duisternis te sien, moed en visie te gee om voort te gaan – alles met ons Here Jesus Christus as hulle hoofdoel.

Die lees hiervan vervul ‘n mens met verwondering. God is groot. Sy werke is majesteitlik. Sy Woord gaan onkeerbaar oor die lengte en breedte van die aarde uit. Dit keer nie leeg tot Hom terug nie. In ‘donker Afrika’ word die lig van die Woord ontvang – en dit verlig die lewe van die mense.

‘n Ander faset waarop ds Kayayan wys, is die kinderlikheid waarmee die bekeerlinge in Afrika hulle geloof in God uitleef. Alledaagse vraagstukke soos die voorkoming van VIGS en seksuele gedrag word aan die norm van Gods Woord gemeet. Wat die Here in sy Woord sê, is wet. Dit word eenvoudig, sonder ‘n ge-jamaar, gedoen. As Westerlinge kan ons heelwat hierby leer. Al te maklik word daar na allerhande uitweë gesoek om die eis van die Woord by die wil van die mens aan te pas. Wat die uitleef van christenskap betref staan Afrika in sekere opsigte ver voor Europa.

Ds Kayayan sluit sy nuusbrief-berig met ‘n versoek af:

Sal u saam met ons bid dat ons in staat sal wees om die programme wat ons begin het verder te kan finansier? Sal u bid dat ons die huidige logistieke probleme inherent tot die Afrika-vasteland sal kan oorkom? Sal u rondom u vertel van die GLG-bediening, ook in u kerk, sodat al hoe meer gelowiges kan voorbidding doen vir die Franssprekende wêreld? U voorbidding is nodig, u is ons vennoot in hierdie sendingwerk. Dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Dié versoek kan alleen maar in rooi onderstreep en op die hart van elke leser gedruk word.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria**

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

¹ Ds Kayayan se kontakbesonderhede is: Posbus 5422, Pretoria 0001; tel: (012) 347 4546; Faks: (012) 347 7362; e-pos: ekayayan@iafrica.com; webwerf: www.foi-vie.org.za